**Reeks:** Ontmoet Jesus, weer. Vir die Eerste Keer...
**Titel:** ... In jou Community
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 23 Oktober 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Ons het die afgelope paar weke gekyk na mense wat Jesus ontmoet het, wat Hom geken het, en hierdie ontmoeting was asof dit die eerste keer is dat hulle met Hom te doen het. Dit is ontmoetings wat plaasgevind het nadat Jesus uit die dood uit opgestaan het. Hy het... ons het gekyk na Maria se ontmoeting, Markus, Johannes, en vandag, Petrus. Dis die derde keer nou dat die dissipels bymekaar is en saam is dat Jesus aan hulle verskyn. Vers 12 van Johannes 21 sê dat hulle Hom herken het maar dat hulle bang was om Hom te vra.

Daar was iets anders omtrent Hom nou. Hulle het Hom herken. Hy was dieselfdem maar Hy was anders ook, en hulle was huiwerig, want dit het baie vrae in hulle losgelaat, want Hy verskyn skielik in hulle midde met die eerste verskyning. Die deure is toegesluit. Hulle is bang, en skielik is Hy net daar, Hy staan net daar, en soos wat Hy daar is, so verdwyn Hy ook net weer uit hulle midde uit.

En dan kom Hy die een keer en dan sê Hy, kom vat aan My. Hy nooi Thomas uit. Thomas het, toe Jesus nie daar was nie, vir hulle gesê hy sal nooit kan glo as hy nie sy vinger in die wond kan sit en self kan sien nie. Hy sal nie kan glo nie. En toe Jesus weer verskyn toe sê Hy vir Thomas, kom. Dit is... ‘n mens wonder was Hy daar, was Hy nie daar nie, want skielik sê Hy vir Thomas, kom sit jou hand hier in my wond.

Dan eet Hy nou by hierdie geleentheid saam, en Hy sê vir hulle, kom eet saam met My. Hy verdwyn. Hy loop deur mure. Hy eet. Kom vat aan My. Paulus beskryf hierdie liggaam van Jesus en sê dis ‘n verheerlikde liggaam, dis ‘n geestelike liggaam. Hier is iets fenomenaal vreemd en uniek wat plaasvind in Jesus wat in geen ander godsdiens of filosofie voorkom nie, dat geen en vlees op ‘n manier geïntegreer het, totaal een geword het. Dis ‘n dimensie wat buite ons begrip lê. Dis ‘n dimensie wat buite ons belewenis lê. Jesus was dood. Hy het opgestaan uit die dood uit. Dis ‘n lewe wat Hy sê wat ons s’n ook gaan wees.

In hierdie week... nie hierdie week nie, gister, kon ek nie help om net weer so terug te gaan daarna toe nie. ‘n Lidmaat by ons in hierdie gemeente is gistermiddag drieuur oorlede. Sy het die afgelope paar weke aan kanker weggekwyn, en in hierdie week, terwyl sy by die huis lê, haar vriende en familie daar is, het hulle ‘n gewapende roof, en hulle vat die ring van haar vinger af. Toe sy vra kan ek dit nie asseblief hou nie lag die persoon en hy vat dit van haar vinger af. Gistermiddag drieuur sterf sy, weet jy, en dis erg, en dan vra ek wat kan hoop gee? Wat kan sin gee?

Jesus het gesê, Ek is die eersteling. Dit wat met My liggaam gebeur, hierdie nuwe lewe wat anderkant die dood is, wat nooit weer kan kwyn of iets mee kan gebeur nie is iets wat julle ook gaan beleef, sê Jesus, maar ons kan dit nie nou begryp nie. Dit is soos om in die middeleeue vir iemand ‘n laptop oop te maak en sê kom ek Google gou-gou vir jou. Dit kan nie begryp word nie. Wat is die internet? Wat is krag? Wat is ‘n microchip? Ek weet nie wat is hierdie goed nie, en dis iets van daardie lewe wat Jesus nou toon, en dit laat hulle met ‘n klomp vrae.

Wie is Jesus nou? Hoe is Hy nou? Jy weet, dan is Hy hier, dan is Hy nie hier nie. Dis vreemd, jy weet, now you see Him, now you don’t, en dit los ons. Dan sê Hy Ek vaar op na die hemel toe, maar Ek sal met julle wees die heeltyd, en dan kom Paulus later en sê kom ek gee vir julle die groot misterie wat die heeltyd nog verborge was. Hy is nie net saam met ons nie; Hy is nou in ons. Dit laat ons met ‘n klomp vrae, maar hulle is te bang om te vra. Maar nou is Hy daar, en nou draai Hy na Petrus toe en Hy vat Petrus eenkant.

Hier gebeur iets wonderliks nou. Hierdie ontmoeting met Jesus gaan Petrus se lewe omdraai en verander vir altyd, maar hier is die probleem: alhoewel Jesus nou opgestaan het, al hierdie wonderlike goed gebeur het wat jou kop laat draai,wat so moelik is om te kan glo, om te kan aanvaar, dit alles het nie teweeggebring dat Petrus se diep, fatale wond, wil ek dit noem, waarmee hy loop, skielik genees word en opgelos word nie.

Kyk, Petrus het groot pyn in hom. Dit begin al vroeg in die storie, daar by Johannes 13 toe hulle almal bymekaar is en Petrus sê vir Jesus, ek sal by U bly. Ek is U nommer een dissipel. Al los al hierdie ander dissipels U, al gaan U tronk toe, al word U doodgemaak, ek volg U tot op die einde. In Johannes 18 kry ons die verhaal. Hulle staan by ‘n vuur. Drie keer vra ‘n diensmeisie vir hom, en jy weet, ‘n mens kry so ‘n halwe lag in jou kies, jy weet, is jy nie




**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

een van hulle nie. Hy het nou net gesê ek is nie een van hulle nie, ek is die een. Al die ander, maar nie ek, ek is die een. Is jy nie een van hulle nie? Nee, ek is nie een van hulle nie. Drie keer. Die haan kraai. Jesus kyk hom in die oë. Hy hardloop weg van Jesus af. Hy ween bitterlik.

Die volgende oggend hoor hy wat het met Jesus gebeur en wat is besig om plaas te vind. Daar vind 'n diepe wond... hy word verwond. Iets in sy binneste breek. Hoe kan ek met die deel? Dis 'n verlies aan integriteit wat plaasvind. Hoe kan ek met myself saamleef? Die verwyt, die teleurstelling, in myself ook. Wat het ek nou gedoen? Wat ek gedoen het is nie reg nie.

Vergeet wat sê die Bybel, wat sê geloof, wat sê die wet wat ek gedoen het. Ek weet wat ek gedoen het is nie reg nie. Daar is iets hoër, daar is iets beter as dit. Ek het mense tenagekom. Ek het myself tenagekom. Ek het vrees. Dit gaan groei, die storie gaan uitgaan. Almal gaan my sien. Ek gaan gelabel word met dit. Ek het ander probleme. Ek het skuldgevoelens. Ek het shame waarmee ek leef. Johannes weet ook. Jesus weet, God weet. Ek loop met hierdie diep pyn in my binneste rond, en die opstanding en die feit dat die lam gesterf het vir my sondes neem dit nie weg nie.

Hy het teruggegaan na sy ou beroep toe, voordat hy 'n dissipel van Jesus geword het. Hy was 'n visserman. Hy is terug soontoe, vang nou weer vis, en die feit dat Jesus nou al verskyn het en hulle vat Hom nie weg of... verander niks nog nie. Dis wonderlik. My kop draai, maar ek sit nog steeds met hierdie pyn in my binneste. Nou kom Jesus, die groot geneesheer, en hy deel met daardie pyn van Petrus deur vergifnis. Drie goed: Hy maak dit eers oop dat Petrus dit weer duidelik kan sien en dat hy dit duidelik kan besef en kan agterkom. Hy... kyk hierso, daarso is nou weer 'n vuur wat brand, soos met die eerste keer. Daar was 'n vergelyking tussen ons en mekaar en al die dissipels en almal. Nou is daar weer 'n vergelyking.

Daar's netnou weer 'n groot visvangs gewees, 'n baie suksesvolle visvang wat agter die rug is, en dan is daar nou weer drie vrae wat kom. Kan jy sien die analogie? Die tyd met Sy verwonding, dit is so déja vu. Hier gebeur dit nou weer. Ek word teruggevat. My geheue, my verbeelding, alles word nou weer teruggevat na daardie plek toe waar dit plaasgevind het en wat gebeur het.

Petrus moet die realiteit van sy lewe in die gesig staar. Jy kan nie met hierdie wond deel deur weg te hardloop daarvan nie. Dit gaan nie weg deur dit te ignoreer nie. Dit gaan nie weg deur positief te dink nie. Dit gaan nie weg deur positiewe belydenisse af te lê nie. Dit gaan nie weg deur jouself te verwerp nie. Dis 'n manier om te deel. Judas het so probeer om te deel met sy groot mislukking, sy sonde in sy lewe. Dis nie die manier om te deel daarmee nie, maar ek moet dit erken. Ek moet verantwoordelikheid vat daarvoor.

En dan die tweede groot beweging vat Jesus hom na die kern toe van dit wat hy gedoen het. Hy deel nie oppervlakkig met die buitekant, met die simptome van dit wat hier is nie. Hy deel met die innerlike ding van dit wat verwond is. Ons is nog besig met vergifnis. Hy sê vir hom nie hoekom het jy gejok. Jy moenie jok nie. Verander net jou gedrag. Jou probleem is jou gedrag. Nee, dis nie sy gedrag nie. Dis 'n simptoom.

Hy deel nie met sy geloof nie. Jy weet, as jy net regte goed glo, deel met jou dogma. Kan jy sien? Dis nie hoe jy met jou lewe deel nie. Dis nie hoe jy met jou pyn deel nie. Dis nie hoe jy met sonde deel net met oppervlakkige goed nie. Jy weet, daar is nie 'n groot dogmatiese toets wat jy moet gaan aflê as jy by die hemel kom, het jy die regte goed geglo, het jy aan die regte kerk behoort nie.

Jesus vat hom na sy hart toe en Hy sê vir hom het jy My lief. Dis waarheen ek jou vat. Hoe is jou hart? En dis baie interessant wat Hy hom vra. Agapé jy My meer as alles hier, more that these? Het jy My lief meer as die see? Het jy My meer lief as jou beroep? Het jy My meer lief as jou vriende? Het jy My meer lief as jou lewe wat jy nou vir jou gecreate het, waarnatoe jy nou teruggegaan het? Het jy My meer lief? En Petrus sê ek phileo U.

Dis twee verskillende woorde vir liefde in die Grieks, en die een, Jesus sê ek agapé. Phileo is 'n woord... is vriendskapsliefde, dis 'n diep omgee vir mekaar, en hy kan nie vir Jesus sê ja, ek agapê U meer as alles in my lewe nie. Hy kan die nie sê nie. Hy sê U weet ek phileo U. Ek het Jou lief. Ek gee om vir Jou, jy sien, maar ek sit nog steeds met my selfgesentreerdheid. Ek sit nog steeds met my selfwil. Ek sit nog steeds met my selflewe en met die lewe wat ek besig is om vir myself te create, ek in die middelpunt. Ek hou van die Hollandse uitdrukking. Hulle het 'n woord wat dit vir my so saamvat: die ekkigheid. Ek sit nog steeds met die ekkigheid. Jy sit nog steeds daarmee.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jesus vra hom weer, agapé jy My? Hy sê ek phileo U. Jesus vra vir hom, phileo jy My? Hy sê U weet ek phileo U, maar iets gebeur toe hy die... die oomblik toe hy daardie insig kry, toe kom sy genesing, want toe raak hy bedroef toe hy dit besef. Die tweede keer, die Bybel sê hy het die diep bedroef geraak, en die woord is dieselfde woord in Matteus 5:4 wat gebruik word toe Jesus sê jy sal salig word as jy kan treur.

It's mourn. Hy het gemourn. Hy het bedroef geraak, en dis nou 'n ander soort droefheid as wat hy gehad het toe hy uitgehardloop het en die haan gekraai het. Dis nou 'n ander soort droefheid, en Paulus praat van daardie droefheid in 2 Korintiërs 7:10 as hy sê daar is twee soorte droefheid. Daar is 'n droefheid wat lei tot 'n bekering en tot 'n redding. Dis 'n ander soort droefheid.

Kom ek verduidelik dit vir U prakties so: ek sien dit elke jaar 'n paar keer gebeur, in 'n paartjie, in 'n huwelik, waar die vrou sê ek sien nie meer kans vir die lewe saam met jou nie. Kyk wat doen jy aan my. Jy werk net en jy leef met jou vriende, en jou lewensstyl en alles. Ek voel ek is onbelangrik en dit vernietig my. Ek moet aanbeweeg. Die man breek op in trane. Ek is so jammer daaroor. Weet jy wat het ek geleer in 20 jaar in die bediening? Nou wil ek net sien waaroor het hy regtig gehuil, want as hy gehuil het oor homself, jis, ek gaan nie weer hierdie lewe kan leef nie, ek is so...

Kyk, nou, as sy gaan... weet julle hoe tough gaan dit vir my wees as sy nie meer daar is nie? Sy doen soveel goed vir my. Hy huil oor homself. As hy oor homself huil, as sy bly, die vrou, oor ses maande dan vat sy haar goed en dan loop sy. As hy 'n ander rede het vir sy trane, as hy huil omdat hy insig kry in die manier waarop hy lewe en dit wat hy doen, as hy huil oor wat hy doen dan verander goed in daardie verhouding en dan skuif dit, en dan is sy nog... dan bly sy.

Jy sien, dis die verskil. Jy kan huil omdat jy uitgevang word. Jy kan huil oor die effek van dit wat jy gedoen het, of jy kan huil oor dit wat jy gedoen het. Dit is die insig, en dit is die berou wat lei tot redding. Dis die berou wat lei tot bekering. Bekering beteken 'n change of thinking. Dit beteken 'n totale omdraai. Dit bring 'n totale omdraai in sy lewe teweeg. Hy berou nou oor heeltemal iets anderster, en dis interessant, waar hy die eerste leer weggehardloop het, hardloop hy nou na Jesus toe.

En nou doen Jesus iets wonderlik, ek dink wat die volkome genesing in sy lewe bring. Hy sê vir hom nie net, okay, het jy berou? Okay, nou, dis okay, dan gaan ons aan. Moet dit nou net nie weer doen nie. Hy sê vir hom Ek roep jou. Laat my lammers wei. Pas my skape op. Ek het 'n roeping vir jou. Ek het 'n calling vir jou. Daar is 'n nuwe uitdaging wat vir jou voorlê. Daar is 'n nuwe fokus wat vir jou voorlê. Ek roep jou nou. Gaan doen dit nou. Stap nou hierdie pad.

Jy weet, ek... Eugene Petersen sê wat jou roeping ookal mag wees, en wat dit ookal... dit moet iets van 'n pastoral imagination behels, want Jesus is die Herder, en nou sê Hy kom doen die werk wat Ek doen. Kom word jy nou ook 'n herder. Wat jy ookal doen, op 'n manier, begin te omgee vir mense. Begin nie net... dit gaan nie net oor jou genesing en jou gevoel en hoe jy so... dit gaan eintlik oor Ek doen dit vir jou sodat jy iets kan doen vir ander mense daardeur. Raak 'n rivier wat vloei, wat gee, nie net die Dooie See wat kry, wat invat nie. Daar moet 'n beweging na buitekant toe wees. Jy connect nou diep met my. Connect nou diep met ander mense.

En die genesing in Petrus se lewe vind plaas, en skielik het die opstanding en die dood van Jesus, die lam wat geslag is vir sondes, die opstanding van Jesus uit die dood uit kry 'n persoonlike innerlike betekenis vir Petrus in sy lewe. Hy beleef dit nou in sy... en hy kry 'n innerlike... sy geheue, sy gewete word gereinig, en sy nuwe verbeelding waarmee hy nou die lewe ingaan, a new imagination, kom tot stand.

Die tweede groot ding: saamwees. Jesus sê jy moet nou ander liefhê. Hierdie storie begin ook, Jesus verskyn aan hulle toe hulle almal saam is. Jy weet, dis interessant, dan sê Pertus, ek gaan visvang, dan sê die ander ons kom saam, dan gaan vang hulle saam vis. Hulle deel hulle lewens diep saam, en dan noem Hy vir ons al die name, en dan is dit baie treffend vir jou, as jy kyk na daardie name, hoe divers die dissipels se samesteling is.

Jy weet, hulle is heeltemal verskillend. Hulle het die Here anderster beleef. Maria het 'n eksistensiële belewenis met Jesus. Johannes net 'n rasionele, hy sien die klere, toe glo hy, toe weet hy Jesus het opgestaan. Thomas het 'n empiriese bewys nodig. Elke een van hulle het... die Here werk met elkeen anderster, en nou kan... elkeen se storie klink anderster oor Jesus, en nie een van hulle kan Jesus volkome verstaan of bevat op sy eie nie. Jy kan net Jesus verstaan deur ander mense, deur die belewenis wat hulle gehad het. Elke een bring iets anderster.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Paulus sê in Efesiërs 3:18-20 dat ons sal saam net al die heiliges begryp wat die hoogte, die lengte, die diepte, die breedte en die liefde van Jesus is. Jy kan nie op jou eie nie, en dit is hoe jy Jesus sal leer ken, is deur ander mense. Dis hoe jy sal agterkom, en nie net deur hulle belewenisse en hulle ervaringe nie, wat legitiem is, maar ook deur hulle gawes, ook deur die vrug van die Heilige Gees.

Maar weet jy wat is die interessante ding? Ons almal het 'n... jy gaan sekere gawes hê, en jy het lering nodig, en jy gaan dit kry deur 'n leraar. Jesus gaan na jou toe kom deur 'n leraar. Hy het dit gesê. Soos wat julle ander mense ontvang ontvang julle My. So gaan Ek na jou toe kom. Jy het genesing nodig. Die Here Jesus gaan jou genees. Deur iemand anderster gaan Hy na jou toe kom, en dieselfde met die vrug, en dit interessant, jy weet dadelik wat iemand se vrug is as jy hoor wat die tema van sy lewe is. As hy sê, jong, ons het lankmoedigheid nodig dan moet jy weet, heel moontlik sit hy met goeie lankmoedigheid.

Maar weet jy, daar is ander vrug van die gees ook. Daar is bietjie ouens wat goed laat gebeur. Daar is ander goed ook. Miskien is dit die uitdaging om nou daardie kant toe... maar saam is ons die liggaam en saam kan ons dit doen. En Paulus sê you've got to discover it, in Romeine 12. Jy moet dit ontdek in ander mense, en daarom moet jy hierdie ander ingesteldheid hê teenoor hoe mense... daarom moet jy totaal anderster wees teenoor ander mense. Kyk na my skape. Voed hulle. Kyk, jy moet oppas. Wat jy doen aan ander mense doen jy aan Jesus. Dis 'n totaal ander lewe en 'n ingesteldheid van die Christen.

In die middeleeue is daar 'n klooster wat kwyn, en die ou vader het gegaan vir raad en hulp, en die raad en hulp wat hy toe kry by iemand anderster is dat, hy sê ek weet nie wat kan julle doen nie. Dit is besig om regoor Europa te gebeur. Dis die tyd van verligting. Mense het... die wetenskap is besig om tot stand te kom en mense sê God is nie meer nodig nie, en hulle is besig om hulle rug op God te draai regoor die wêreld, maar ek weet net een ding. Die Messias is onder julle.

Die ou vader gaan terug en hy wonder oor die woorde, en toe hy terugkom toe sê hulle, wat sê die opsiener. En toe sê hy, ek weet nie, hy sê die Messias is onder ons. Skielik wonder al agt manne in die klooster wat oorgebly het wat beteken dit. Wie kan dit wees? Kan dit miskien Simon wees? Simon was 'n getroue man. Jy weet, hy is bietjie moeilik met ander goed, maar hy is 'n vreeslike getroue man.

Kan dit Thomas... Thomas, hy is so 'n geleerde man. Hy het soveel insig. Hy is altyd... wie kan dit wees? En hulle begin skielik anderster teenoor mekaar op te tree, want hulle is nie seker wie van hulle gaan die Messias wees nie. Skielik verander die atmosfeer op die klooster en ander mense begin weer te kom, en jong manne kom en sê, maar ek wil my lewe ook wy aan gebed en om die gemeenskap te dien op hierdie manier, en die klooster begin op te leef. Dis 'n interessante verhaaltjie uit die middeleeue uit.

Die laaste ding is: deur toewyding. Jesus sê jy moet... as jy My lammers liefhet, my skape oppas en laat wei, dan het jy My lief. Dis 'n lering wat ons baie in Jesus se lering optel. Jy weet, ons sien dit byvoorbeeld in Handelinge 9 ook. Dis treffend, toe Paulus die kerk vervolg toe sê Jesus vir hom, waarom vervolg jy My. Waar is die liggaam van Jesus? Watter liggaam praat jy van? Daar is die verheelikde liggaam, daar is die fisiese, historiese liggaam, daar is die liggaam wat ons vier in die sakramente, maar daar is die liggaam van Christus, waravan hy gepraat het: ons, die kerk van die Here Jesus. En nou sê Hy vir hom jy moet hulle liefhê, dan het jy my lief. Dis my liggaam.

Daar is 'n totale identifikasie van Jesus wat plaasvind met Sy liggaam. Hy sê Ek is die hoof, sê Paulus, maar ons is die liggaam. Hierdie lering het Jesus in groot moeilikheid laat beland. Dis baie interessant, as jy kyk na die lewe van Jesus, dat jy die patroon kry dat Jesus geweldig populêr word as Hy sekere goed doen, en as hulle dan bly by Jesus en hulle begin te verstaan waaroor dit gaan dan raak hulle kwaad. Hulle wil hom koning maak, en 'n rukkie later dan wil hulle hom doodmaak.

Jy kry hierdie patroon aanmekaar. Een van hulle is byvoorbeeld Johannes 6, dan vermeerder Jesus die brode, en die mense wil kom koning maak. Hy is die wonderlikste ou. Die siekes word genees. En dan begin Hy lering te gee. Dis jammer Hy het, want die oomblik as Hy begin praat dan begin daar moeilikheid kom. Toe sê Hy vir hulle, kom Ek verduidelik vir julle die brood. Dan sê Hy, Johannes 6:53, Hy sê as jy nie van my sarks, my vlees eet nie, dan kan jy nie My lewe in jou hê nie.

Dis interessant, nou verwys Hy na sy gebroke... sarks word vir vlees in die Nuwe Testament gebruik elke keer as dit na die slegte deel van die liggaam wys. Soma is die ander Griekse woord wat... en dit word... maar Hy moet sê soma. Hy kan mos nie nou sê sarks nie, en Hy verwys na sy gebroke liggaam. As jy nie... en Johannes bou dit


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

later uit en hy sê dit in ander woorde in 1 Johannes 4:20 as Johannes sê as julle nie mekaar wat gebroke is, wat julle kan sien, kan liefhê nie, sal julle nooit vir God wat onsigbaar is en volmaak is, dan sal julle hom nooit nie...

Jy kan nie sê ek het God lief, die volmaakte God wat onsigbaar is, as jy nie die gebroke broer wat jy ken en kan sien kan liefhê nie. Dan kan jy nie vir God liefhê nie. Wow, dis moeilike lering, dis groot lering. So dis wonderlik om in ander mense God te kan sien, maar Hy sê dit gaan 'n groot commitment vra, maar jy gaan ook slegte goed in ander mense sien, en dan moet jy nie wegloop van dit nie, want dis die geneigdheid, nê. Dis natuurlik. Dit is hoe dit is.

En Jesus sê vir Petrus, Petrus, dit gaan jou laat ly, maar jy het daardie lyding nodig, daardie lydenheid gaan volwassenheid bring. Jy gaan gebind word met ‘n tou en dan gaan jy gevat word na plekke toe waarheen jy nie wil gaan nie, maar dit gaan vir jou volwassenheid... in Petrus se leeftyd, hy ly. Uiteindelik, sê die legende vir ons, het Petrus... is hy gekruisig, net soos Jesus, en toe hulle by sy kruisiging kom toe vra hy, draai my asseblief om. Ek wil onderstebo gekruisig word. Ek is nie waardig om soos Jesus gekruisig te word nie.

Sal jy daardie tou vat? Die tou is jou opgelê, of gaan jy jou rug op die tou draai? Gaan jy, wanneer dit moeilik raak, gaan jy, wanneer jy die sarks ontdek, want jy weet, daar is nie ‘n volmaakte liggaam nie? Daar is nie ‘n volmaakte kerk nie. Daar is nie ‘n volmaakte mens nie. Wat maak jy? Net dit, wanneer jy by dit kom. As ek dit so kan... die tou. Laat ek dit so verduidelik. Dis soos ‘n huwelik. ‘n Paartjie trou, en ek praat hierdie week met ‘n paartjie, en hulle is so gelukkig, en gaan julle... ons... nee, ons kan nie nou kinders kry nie. Kinders gaan... o nee, ons het ‘n wonderlike lewe.

Dis great, tot daardie behoefte kom, nê, maar hulle het nou ‘n tou, want nou kom daar ‘n babatjie in hulle lewe in, en raai wat. Julle kan nou nie meer leef soos... julle gaan gevat word na plekke toe waarheen julle nooit sou wou gaan nie. Julle gaan so bietjie wakker bly. En raai wat, jy gril... jy gril vir... jy gaan doeke omruil. Jy gaan gevat word na... want die tou, jy is gebind.

Jy is gebind, so wanneer jy deel word van die liggaam, jy is gebind. Jy kan onvolwasse bly. Jy kan sê nee, nee, nee, ek gaan nie. Ek gaan nie so leef nie. Ek wil nie die... jy is... vat... stap daardie pad, sê Jesus, maar dit is ‘n lyding tot ‘n volwassenheid. Dan gaan jy oud word. Oud is nie fisiese oud nie. Dit is oud in die gees, volwasse. As jy dit is dan gaan jy gevat word.

Waar is jy vanmôre? Is jy dalk by die kampvuur vanmôre? Jy ruik weer daardie rook. Dit kom terug. Jy loop met ‘n fatale wond in jou. Daar is nie mee gedeal nie. You need healing of your memories. Jy het ‘n gewete wat besoedel is. Jy het ‘n geheue wat jou pla, waaraan jy swaar dra. Hy maak dit oop. Hy maak dit oop. Jy kan vanmôre besluit hoe jy daarop gaan reageer. Miskien hoor jy dit. Miskien het jy daardie diep liefde. Jy wil. Jy het hom lief. Jy wil die pad stap.

Vanmôre kan die begin van jou genesing word. Vanmôre kan ‘n dramatiese draai in jou binneste plaasvind as jy dit sien vanmôre. Jy sien die wortel van dit waarmee jy sit. Jy sien jou sonde en jy rou en jy berou op ‘n manier wat vir jou bekering bring. Ek gaan na God toe. Ek het gesondig. Dis verkeerd. Ek vergewe my.

Miskien is jy op ‘n plek waar jy die roeping hoor. Hy roep jou. Hy praat met jou. Hy sê daar is meer. Daar is meer. Ek wil jou uitvat uit hierdie... uit hierdie lewe van die self uit. Ek wil jou vat, jy het... met dit wat jy doen, met dit waarmee jy besig is. Doen dit met ‘n pastoral imagination. Ek wil hê jy moet anderster doen wat jy besig is om te doen. Miskien sê Hy vir jou Ek wil hê jy moet die nette los. Hy het dit nie nou vir Petrus gevra nie, so dit lyk of Petrus dit vir ‘n tyd in sy lewe moes doen, maar Ek wil hê jy moet jou nette los. Petrus het toe weer. Waar is jy vanmôre in jou lewe?

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons hier kan saamwees. Ons dank U vir U woord wat U vir ons gegee het en ons dank U vir die lig wat dit is op ons pad. Dankie vir die Heilige Gees wat dit lewendig maak en ons oë oopmaak. Dis my groot gebed, Here, dat ek, ons, almal, net kan sien. Help ons. Help ons elkeen vanmôre waar ons is, en vat ons in die lewe wat U vir ons het. In die naam van Jesus, amen.

As jy met iemand wil praat of jy wil hê iemand moet saam met jou bid is jy baie welkom om deur te gaan na die klipkerk toe. Mag die vrede van die Here Jesus met elkeen van julle wees en bly, amen.


**© 2011 Mosaïek**